

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie ondersoek is om die effek van 'n leeshulpprogram op Kleurling-hoërskoolleerlinge psigologies en skolasties te ondersoek.

Ten einde dit te doen, is nulhipoteses en alternatiewe hipoteses opgestel wat 'n vergelyking tussen 'n eksperimentele groep (wat die leeshulpkursus ontvang het) en 'n kontrolegroep (wat nie so 'n kursus deurloop het nie) moontlik kon maak. Die nulhipoteses kom kortliks daarop neer dat daar geen verskille is nie tussen die leesvermoëns, skoolprestasie, studiegewoontes en -houdings, aanleg en persoonlikheid van Kleurling-hoërskoolleerlinge wat 'n leesontwikkelingskursus deurloop het en dié wat nie so 'n kursus gevolg het nie. Die alternatiewe hipoteses wil die teendeel, naamlik dat daar wel sulke verskille is, bewys.

4.1.1 Literatuuroorsig

As vertrekpunt tot hierdie ondersoek is 'n aantal relevante begrippe omskrywe. Die begrippe is onder andere *lees*, *leesprobleme*, *Kleurling en Stad en platteland*.

Die belangrikheid van lees is uitgewys deur dat aangetoon is dat 'n goeie leesvermoë noodsaaklik is vir aspekte soos gesonde persoonlikheidsvorming, sosiale ontwikkeling, ontspanning, kennisuitbreiding, ensovoorts.

Die kompleksiteit van die leesproses het verder na vore gekom deurdat verskillende ondersoekers se verklarings van wat die leesproses behels, bespreek is. Die verskillende teoretiese leesmodelle wat bespreek is, is die opties-meganiese model, psigometriese modelle, psigologiese modelle, die kommunikasiemodel en linguistiese modelle.

Die omvang van die leesprobleem is by wyse van ondersoekgegevens van navorsers, plaaslik en elders, geskets. In dié verband is ook na gegewens ten opsigte van geslagspesifieke leesverskille en leesverskille tussen stad en platteland verwys. Die vernaamste oorsake van leesprobleme wat verband hou met skolastiese en sosio-ekonomiese faktore en veral hoe dié faktore onder die Kleurlingbevolkingsgroep na vore kom, is breedvoerig uiteengesit.

Daar is, wat die skolastiese determinante betref, aandag geskenk aan die gebrekkige voorskoolse milieu van die Kleurlingkind, onvoldoende kleuterskoolvoorsiening, skoolplig en vroeë skoolverlating, onvoldoende differensiasie, gebrekkige akkommodasie en 'n tekort aan toepaslik gekwalifiseerde personeel. Wat die sosio-ekonomiese determinante betref, is aandag gegee aan die klassedifferensiasie en laerstandleefwyse, die gesinsmilieu, kulturele waardes en -norme, woonbuurte en behuising, vryetydsbesteding, taalvermoëns en fisieke faktore.

Die diagnosering van leesprobleme is oorsigtelik bespreek. Daarin is veral aandag geskenk aan die verskillende vlakke van diagnosering en metodes van diagnosering. Enkele knelpunte in die diagnosering van leesprobleme by die Kleurling is uitgewys.

Remediëring van leesprobleme is die laaste aspekte uit die literatuur wat aandag geniet het. Klem is hier laat val op die meer tradisionele metodes van leeshulpverlening soos byvoorbeeld die basiese leesboekmetode, die alfabetmetode, die klankmetode, die linguistiese metode, die neurologiese en die perseptueel-kinestetiese metode. Opheffing van die oorsake van leesprobleme soos dit uit die studie blyk, sal leesremediëring onder die Kleurlingbevolking meer tot sy reg laat kom.

4.1.2 Metode van ondersoek

4.1.2.1 Steekproef

Ten einde die effek van die leeshulpprogram te bepaal, is daar gebruik gemaak van 'n vergelykende ondersoek tussen eksperimentele groepe (wat 'n leeskursus deurloop het) en kontrolegroepe (wat nie so 'n kursus gevolg het nie).

Die steekproef het bestaan uit 'n gesamentlike eksperimentele groep van 31 proefpersone (st. 8- en st. 9-leerlinge) waarvan 15 st. 8- en 16 st. 9-leerlinge was, en andersyds 'n gesamentlike kontrolegroep van 26 persone (st. 8- en st. 9-leerlinge) wat bestaan het uit 14 st. 8- en 12 st. 9-leerlinge.

4.1.2.2 Meetinstrumente

Die meetinstrumente wat gebruik is om die verskillende velde mee te ondersoek, is as volg:

- Leesvermoëns
Die oftalmograaf
- Skoolprestasie
Werklike skoolpunte
- Studiegewoontes
Die Opname van Studiegewoontes en -Houdings
- Aanleg
Die Senior Aanlegtoetse
- Persoonlikheid
Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys en die IPAT-Angsskaal.

Bogenoemde meetinstrumente is breedvoerig beskryf onder die opskrifte doel, samestelling, geldigheid, betroubaarheid en rede vir opname in die ondersoek.

4.1.2.3 Ondersoekprosedure

Daar is van globale sowel as reduksionistiese vergelykings in die ondersoek gebruik gemaak. Globaal word die gesamentlike eksperimentele groep met die gesamentlike kontrolegroep vergelyk, terwyl die reduksionistiese ondersoek 'n vergelyking van die st. 8 eksperimentele en -kontrolegroep asook 'n vergelyking van die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep behels. Verder is ook die st. 8- en st. 9-kontrolegroep asook die st. 8 en st. 9 eksperimentele groep met mekaar vergelyk.

Die leeshulpprogram wat oor tien sessies van een uur elk gestrek het, is beskrywe, terwyl daar ook 'n volledige beskrywing gegee is van die apparaat wat gebruik is, te wete die tagistoskoop en die dwangleser.

Statistiese berekeninge is gedoen deur die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Slegs kort beskrywings van die tegnieke wat gebruik is, word in die ondersoek verskaf.

4.1.3 Navorsingsbevindings en gevolgtrekkings

Samevattend was die belangrikste navorsingsbevindings van hierdie ondersoek as volg:

4.1.3.1 Leesvermoëns

Hierdie ondersoek dui daarop dat die leeskursus 'n betekenisvolle verbetering in leesprestasie by die gesamentlike eksperimentele groep teweeggebring het. Reduksionisties gesien het ook die st. 8 eksperimentele groep betekenisvolle verbetering teenoor die st. 8-kontrolegroep getoon. Daar het egter geen betekenisvolle verskille tussen die st. 9 eksperimentele en -kontrolegroep voorgekom nie. In die geval van die gesamentlike en die st. 8 eksperimentele groep is die alternatiewe hipotese aanvaar terwyl die nulhipotese in die geval van die st. 9-groepe gehandhaaf is.

Oor die algemeen blyk dit dat die leeskursus gunstige veranderinge in leesvermoëns teweeggebring het. Hierdie resultate korreleer goed met die bevindings van vele ander navorsers wat ook verbeterings in leesvermoëns verkry het nadat leeskursusse met behulp van elektriese en meganiese apparaat toegepas is. In die verband verkry Carpenter en Jones (1975) beduidende verbeteringe in leesbegrip en -spoed by studente aan die Clemson-universiteit nadat hulle 'n leesontwikkelingskursus bygewoon het waarin gebruik gemaak is van apparatuur.

Ander navorsers wat 'n positiewe verandering in leesvermoëns na die invoering van 'n leeskursus gevind het, is Bottomly (1961) en Stander (1966).

4.1.3.2 Skoolprestasie

Die gesamentlike eksperimentele groep se skoolprestasie het 'n beduidende verbetering getoon bo dié van die gesamentlike kontrolegroep. Reduksionisties gesien het ook die st. 8 eksperimentele groep betekenisvol beter as die st. 8-kontrolegroep ten opsigte van skoolpunte presteer. Dieselfde tendens het hom egter nie herhaal by die st. 9 eksperimentele groep nie, waar geen betekenisvolle verskille verkry kon word nie. In die geval van die gesamentlike en die st. 8-ondersoeke is die alternatiewe hipotese aanvaar, terwyl die nulhipotese by die st. 9-groepvergelyking gehandhaaf word.

In sy geheel gesien blyk dit dat die leeskursus ook gunstige veranderinge in skoolprestasie bewerkstellig het. Die bevindings bevestig die bewerings van Lee (*in* Harris, 1961) en Bernard (1957) dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen leesvermoëns en skoolprestasie. 'n Verbetering in leesvermoëns behoort dus te lei tot 'n verhoging van skoolprestasie.

4.1.3.3 Studiegewoontes en -houdings

Globaal gesien, het die gesamentlike eksperimentele groep beter studiegewoontes en -houdings getoon as die gesamentlike kontrolegroep. Reduksionisties beoordeel, het beide die st. 8- en st. 9-groepvergelykings geen betekenisvolle verskille opgelewer nie. Die nulhipotese was dus van toepassing op die reduksionistiese ondersoeke, terwyl die alternatiewe hipotese in die geval van die gesamentlike eksperimentele groep aanvaar is.

Alhoewel gunstige resultate in die globale ondersoek verkry is, blyk 'n nadere kritiese beskouing hiervan tog teleurstellend te wees. Dit spruit uit die feit dat die betekenisvolle verandering by die globale ondersoek grootliks te danke was aan die afname in tellings behaal in die OSGH deur die kontrolegroep en nie soseer aan verbeterde resultate van die eksperimentele groep nie. Verder was verbeterde resultate te wagte aangesien daar in elke sessie van die leeskursus ook aandag aan studietegnieke gegee is terwyl daar ook 'n volle sessie afgestaan is aan studiemetodevoorligting. Hiermee saam is daar verwag dat die persoonlike aandag en motivering wat die proefpersone ontvang het van die personeel wat by die leeshulpkursus

betrokke was, op sigself ook kan bydra tot 'n positiewer ingesteldheid teenoor studiegewoontes en -houdings.

4.1.3.4 Aanleg

Die nulhipotese moes by die globale sowel as die reduksionistiese ondersoek aanvaar word, dit wil sê geen betekenisvolle verskille het tussen die onderskeie groepe ten opsigte van aanleg voorgekom nie.

Te oordeel na die omskrywing van aanleg, naamlik dat dit die potensiaal is waaroor 'n persoon beskik om hom in staat te stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik met 'n gegewe hoeveelheid opleiding en/of oefening (Fouche en Verwey, 1978), kan verwag word dat 'n opvolgleeskursus daartoe kan bydra dat die aanlegte van die leerlinge wat die leeskursus gevolg het, kan verbeter. Die siening berus op die bevinding in hierdie ondersoek, naamlik dat die eksperimentele groep wat aan die leeskursus onderwerp was, alreeds geneig het tot 'n verbetering in aanleg. Hier kan spesifiek gewys word op die verhoging van die geskatte IK, uit die SAT bereken, wat voorgekom het by die eksperimentele groep. Die verhoging van die geskatte IK kan slegs toegeskryf word aan die feit dat daar 'n verbetering voorgekom het in die subtoetse wat opgeneem is in die formule vir die berekening van die geskatte IK.

4.1.3.5 Persoonlikheid

Die gesamentlike evaluering van die persoonlikheidstrekke van die Kleurling-hoërskoolleerlinge deur middel van die HSPV en die IPAT-Angsskaal toon aan dat die leeskursus, globaal sowel as reduksionisties beoordeel, nie betekenisvolle verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroepe teweeggebring het nie. Die nulhipotese is hier dan ook deurgaans aanvaar.

Te oordeel na die definiëring van persoonlikheid, naamlik dat dit al die persoon se aangebore en aangeleerde responsgewoontes is en dat dit geleidelik ontwikkel gedurende die persoon se lewensloop en nooit staties is nie (Gouws *et al.*, 1981), kan die volgehoue verbetering in lees- en skoolprestasie soos wat dit in hierdie ondersoek voorgekom het, alleenlik tot positiewe en gesonde persoonlikheids groei bydra ten opsigte van persoonlikheidstrekke soos selfbeeld, selfvertroue, sosialiteit, ensovoorts.

Alhoewel persoonlikheidsverandering oor die langtermyn nie uitgesluit kan word nie, wil die ondersoeker nie aannames in die verband waag nie, omdat die huidige ondersoek dit nie ten doel gehad het om die langtermyn effek van die leeshulpprogram te ondersoek nie en geen gevolgtrekking oor die blywendheid of volgehoue verbetering van die verkreë effek wat die leeskursus in dié ondersoek teweeggebring het, dus gemaak kan word nie.

Die bevindings van Spache (1958) en Carroll (1972) oor die blywendheid van resultate wat behaal is in soortgelyke leeshulpkursuse, was egter teleurstellend en ontmoedigend. So het Spache (1958) in sy retensieondersoeke gevind dat tussen 57% en 84% van die leesspoedverbeterings gehandhaaf is nadat 'n tydperk van tussen ses tot 12 maande verstryk het nadat die leesonderrig gestaak is. Carroll (1972) het, nadat sy 'n opsomming van verskeie opvolgondersoeke in Engeland gemaak het, tot die gevolgtrekking gekom dat daar algaande 'n afname in die leesverbetering was nadat die leesonderrig gestaak is en dat die afname in sekere gevalle selfs so erg was, dat die verbetering wat gedurende die leeskursus plaasgevind het, uiteindelik ook uitgewis is. As rede vir dié teleurstellende en miskien selfs ontmoedigende resultate word onder andere aangevoer dat die omgewingsfaktore wat aanvanklik die oorsaak van die leesprobleme was, nie verander kon word nie.

Hierdie bevinding van Carroll (1972) is kommerwekkend, omdat juis soveel van die faktore wat vir swak leesvermoëns in die Kleurlinggemeenskap verantwoordelik is, omgewingsfaktore is wat nie sonder meer verander kan word nie.

Alhoewel die leeskursus nie in alle veranderlikes gunstige veranderings teweeg kon bring nie, het dit tog aan sy mees primêre doelwit, naamlik leesverbetering, beantwoord. Op grond hiervan kan leeskursusse waarin daar gebruik gemaak word van apparatuur, sterk aanbeveel word ten einde die leesagterstand van 'n groot persentasie Kleurlingleerlinge te remedieer.

Teen so 'n aanbeveling mag geredeneer word dat aanskaffing van sulke leesapparatuur nie finansieel geregverdig is nie omdat gunstige resultate ook verkry kan word met die toepassing van die meer tradisionele metodes van leesremediëring. Die ondersoeker gee dit toe totdat daar genoegsame navor-

sing gedoen is waarin vergelykings getref word tussen leeshulpverlening deur middel van elektiese leesmasjiene en die meer tradisionele leeshulpverleningsmetodes en waarin bewys gelewer word dat een metode bo die ander uitgesonder kan word as die beste metode van leeshulpverlening. Ondersoeke deur Barry en Smith (1954) het getoon dat verskillende leeshulpmetodes bykans ewe effektief was ten opsigte van leesverbetering. Ook McDowell (1964) kon geen betekenisvolle verskille ten opsigte van leesspoed, woorde-skat en begrip in sy vergelykende ondersoek van die verskillende tegnieke vind nie. Fourie (1977) maak die gevolgtrekking uit sy navorsing in dié verband dat met elektriese leeshulpapparaat nie noodwendig beter resultate behaal word as met die tradisionele leeshulpmetodes nie maar dat dit tog effektief in die leessituasie ingeskakel kan word om bepaalde aspekte van die leeshandeling, soos die opties-motoriese aspekte, te verbeter.

Die ondersoeker wil egter betoog dat daar tussen die leesmasjienebenaderingswyse en die tradisionele leeshulpverleningsbenaderingswyse gekies moet word nie, maar dat daar ruimte gelaat moet word vir beide benaderingswyses ten einde die beste resultate te verkry.

'n Groot nadeel bly egter die hoë koste van leeshulpapparaat maar die ondersoeker is van mening dat finansiële beweegredes nie in die weg moet staan van ontwikkeling en opheffing van mense nie. (En aanskaffing van leesapparaat kan beslis 'n bydrae lewer tot die opheffing en ontwikkeling van die Kleurlinggemeenskap.) In die verband word Louw (1983: 674) aangehaal: "Daar moet altyd onthou word dat materiële waardes nooit teen menslike waardes opgeweeg kan word nie".

4.2 BEPERKING VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die vernaamste beperking van hierdie ondersoek is die feit dat die resultate van hierdie ondersoek nie veralgemeen kan word na die algehele Kleurlingbevolking nie omdat die steekproef en die populasie waaruit die steekproef geneem is, nie verteenwoordigend is van die breë Kleurlingbevolking nie.

Die eiesoortigheid van hierdie ondersoek het verder meegebring dat gegewens nie met dié van soortgelyke ondersoeke wat onder die Kleurlingbevolkingsgroep gedoen is, vergelyk kan word nie. Ander ondersoekgegewens kan dus

nie as norme dien op grond waarvan die bevindings van die huidige ondersoek ook van toepassing gemaak kan word op die algemene Kleurlingbevolking nie. Die resultate van die ondersoek sal dus alleenlik van toepassing wees op die populasie Kleurling-hoërskoolleerlinge wat in 1984 standerd 8- en standerd 9-leerlinge was in die Promosa-hoërskool op Potchefstroom.

'n Verder nadeel is die feit dat die bevindings van hierdie ondersoek op korttermyn bevindings berus. Die blywendheid van die resultate oor die langtermyn is dus nie ondersoek nie - 'n aspek wat deur bevindings van verskeie ondersoekers (soos onder andere Carroll, 1972) bevraagteken word.

4.3 RIGLYNE VIR VERDERE NAVORSING

Die literatuurstudie en navorsingsbevindings van die huidige ondersoek maak verdere navorsing in die rigting moontlik.

In die eerste plek sal 'n langtermynondersoek na die bevindings belangrik lig werp op die blywendheid al dan nie van die effek van die leeskursus. Die krag van so 'n leeskursus behoort juis geleë te wees in die instandhouding van dit wat tydens die leeskursus verbeter het.

Tweedens sal uit 'n ondersoek na die verskil tussen die leesvermoëns van stedelike en plattelandse Kleurlinge interessante gegewens vorendag kom. Uit die literatuur blyk egter telkens aanduidings dat Kleurlinge in die platteland waarskynlik oor swakker leesvermoëns sal beskik as dié in stede.

Laastens mag navorsing oor die effek van 'n leeshulpkursus op intelligensie verrassende resultate oplewer. In die huidige ondersoek was daar wel aanduidings dat 'n persoon intellektueel kan baat by 'n leesontwikkelingskursus deurdat die geskatte IK wat uit die SAT bereken word, telkens beduidend verhoog het by die eksperimentele groepe nadat hulle die leeskursus deurloop het.

4.4 SLOT

Hoewel hierdie ondersoek oor die effek van 'n leeshulpkursus op Kleurling-hoërskoolleerlinge gehandel het, het dit uit die literatuur telkens na vore gekom dat knelpunte in die skoolastiese en sosio-ekonomiese posisie

van die Kleurlingbevolking 'n veroorsakende rol speel in die swak leesvermoëns van 'n groot persentasie Kleurlinge. Daar kan egter verwag word dat baie van die knelpunte verlig sal word nou dat die Kleurlingbevolking groter politieke seggenskap begin geniet kragtens die nuwe grondwetlike bedeling op 3 September 1984 in werking getree het. Die meeste van die gemelde probleme is egter diepgewortel en 'n oornagse verandering kan nie te wagte wees nie. Louw (1983) waarsku verder dat, indien daar nie 'n grootskaalse ekonomiese en sosiale ontwikkeling parallel met die politieke ontwikkeling plaasvind nie, daar in die nuwe bedeling ernstige oorgangsprobleme vir die Kleurling kan ontstaan wat selfs hul huidige sosio-ekonomiese probleme kan laat vererger. Politieke vryheid sonder sosiale en ekonomiese verantwoordelikheid kan traumatiese gevolge inhou.

Tot tyd en wyl die toekoms homself gaan openbaar, kan daar as onmiddellike vertrekpunt van die opheffingsproses onder die Kleurlingbevolking begin word by skole met doeltreffende leesremediëring - iets wat uiteindelik kan bydra tot 'n hoër lewenspeil onder die Kleurlinge en selfs 'n gelukkiger Suid-Afrika.